Taal en Kultuur

Toekomsberaad 10 Oktober 2015

1. Inleiding

Die status van Afrikaans as hoëfunksietaal word bedreig. Van die redes daarvoor is:

- ’n Regerende party wat doelbewus Afrikaans marginaliseer en Engels ten koste van alle inheemse tale bevorder vir eie ideologiese redes;
- Globalisering en die mite wat daarmee saam verkondig word, naamlik dat Engels dié wêreldtaal is waardeur mense bemagtig word;
- Afrikaanssprekendes wat naïef glo dat daar geen amptelike agenda teen Afrikaans bestaan nie, en dat die taal weens die gewildheid van Afrikaanse kuns en kultuur onbepaald ongeskonde sal voortbestaan;
- Afrikaanssprekendes wat die mite van die bemagtigende eienskappe van Engels glo en dus hul kinders in Engels laat skoolgaan en studeer, en/of hulle sake in Engels doen.

2. Probleemstelling

Omdat die identiteitsbesef van die Afrikaner afgetakel word weens die druk wat hierbo beskryf word, is Afrikanerkultuur ook onder druk. Jong Afrikaners het nie altyd die vrymoedigheid om hulle met hul eie taal en kultuur te assosieer nie, en ontbreek aan kulturele selfvertroue. Die invloed van veral die Amerikaanse kultuur het verder tot gevolg dat dit al moeiliker raak om ’n moderne, eie, unieke Afrikanerkultuur te definieer.

Daar word tans min of geen ruimte geskep nie vir Afrikaanse media enersyds, en simpatie jeens Afrikaans en die Afrikaanse gemeenskap in kommersiële media andersyds. Selfs binne die kommersiële Afrikaanse media is daar sekere media-instansies wat onsimpatiek staan teenoor Afrikaans se benarde situasie, en/of wat nie te vinde is daarvoor om hul monopolie op die Afrikaanse media prys te gee ten einde kleiner rolspelers wat ’n daadwerklike bydrae vir Afrikaans wil of kan maak, te ondersteun of te mentor nie.

3. Vorderingsverslag

3.1. In die openbare sektor

- Die ideologiese teenkanting teen Afrikaans is ’n gegewe wat realisties gesproke nie deur gesprekke of oorreding uit die weg geruim sal kan word nie. Tog moet alle kanse aangegryp word om sodanige gesprekke te voer en bondgenootskappe ter bevordering van Afrikaans te sluit. Dit bly ’n deurlopende aksie vir **alle SB-instellings**. Gesprekke met die owerhede bly deurlopend nodig.
- Bondgenote in die stryd om die behoud van Afrikaans moet gesoek en bevorder word. Tans het ons skakeling met ander Afrikaanse taal- en kultuurorganisasies, maar daar is ook behoefte aan skakeling met soortgelyke groepe in ander taalgemeenskappe
- Tans word die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale (Nr. 12 van 2012) geïmplementeer. Dit vereis onder meer die publikasie van alle staats- en semi-staatsinstellings se taalbeleide vir openbare kommentaar. Kommentaar word selektief gelewer, maar alle aanduidings is dat die beleide Afrikaans nog verder gaan marginaliseer en uit die staatsdiens rangeer. Regsaksie sal dus in die toekoms nodig wees om te bewys dat die uitvoering van die wet nie in lyn met die Grondwet is nie. Daar word reeds daarvoor beplan deur **AfriForum**.
- Waar klagtes oor ’n gebrek aan Afrikaanse dienslewering in die openbare sektor ontvang word, word dit deur **AfriForum** opgevolg.

3.2. In die sakesektor

- Wat die bevordering van Afrikaanse entrepreneurskap betref, bereik **Akademia** se kompetisie reeds baie in die verband, veral wat jong entrepreneurs betref. Daar is egter weinig steun vir ouer persone wat ’n eie onderneming probeer vestig. Dit bly ’n behoefte.
- Afrikaanssprekendes word sover moontlik deur **Solidariteit** in die werkplek beskerm.
- **AfriForum** se Afrikaans-Vriendelik-projek moedig sakelui aan om omvattende diens in Afrikaans te lewer deur gradering van dienste. Sakelui word ook beloon deur middel van gratis bemarking.
- **AfriSake** begin reeds as drukgroep ter bevordering van Afrikaanse sakelui se belange funksioneer.
- Die **FAK** gee met jaarlikse toekennings erkenning aan Afrikaanse sakelui. **AfriSake** beplan ’n publikasie oor Afrikaanse sakelui wat beide rolmodelle as inspirasie aan die publiek sal voorhou en erkenning aan die sakelui self gee.

- Ondersteuning aan Afrikaanse professionele organisasies, soos die GHA, VRA en Afrikaanse ingenieurs, vind plaas, maar op sporadiese en ongeorganiseerde wyse.
- Internskappe is nog ’n wyse waarop Afrikaans in die werksplek bevorder kan word. Dit geskied tot ’n beperkte mate met studente van **Akademia**, **Sol-Tech**, meewerkende kolleges en lede van **AfriForum Jeug**, maar kan uitgebrei word om meer besighede in te sluit.
- Die suksesresep van **Virseker** moet aan ander sektore as voorbeeld voorgehou word.

3.3. In die media

Die volgende vind deurlopend deur die onderskeie instellings plaas:

- Die bekendmaking van eie nuus onder ledebasis in Afrikaans deur **alle SB-instellings** verloop baie goed;
- Pretoria FM gedy en kan deur middel van die DSTV en internet-uitsaaidienste mense regoor die aardbol bereik. Meer nuus- en insigprogramme kan dalk onder ander gemeenskapsradio-instellings versprei word – Maroela Media vorder met die projek, maar dit kan nog groei;
- Uitbou van Afrikaans in die tydskrifwese geskied deur die tydskrifte van **Solidariteit** en **AfriForum**;
- Uitbou van Afrikaanse publikasies geskied met die Afrikaanse publikasies van **Kraal Uitgewers** en die **FAK**;
- Uitbou van Afrikaanse filmmedia sal geskied met die video’s en ander produkte wat deur **Forum Films** vervaardig sal word.

Buiten die uitbou van ’n eie, Afrikaanse internet nuuskanaal, stuur **Maroela Media** in 2015/6 ’n aantal projekte van stapel wat almal ten doel het om Afrikaans as media- en internettaal uit te bou en te ondersteun, en ’n Afrikaanse kultuurbelewenis vir deelnemers aan die projek te skep, waaronder:

- Afrikaanse Fliekpiekniek: ’n Viering van Afrikaanse films, waartydens Afrikaanssprekendes met piekniekmandjies in die buitelug na ’n versameling uitsoek-Afrikaanse films kan kom kyk en allerlei Afrikaanse kultuureie ervarings kan beleef. Die projek vorm deel van die Afrikaans 90-vieringe van 2015.
- Afrikaanse inhoud op Wikipedia: Hierdie projek word in samewerking met die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns aangepak. ’n Bewusmakingsveldtog word onder afgetrede akademici, skoliere en onderwysers van stapel gestuur om hulle op te lei in

die werking van Wikipedia, en om hulle aan te moedig om Afrikaanse inhoud vir Wikipedia te genereer. Die doel hiervan is om Afrikaanse, kultuureie en feitelik korrekte inhoud op Wikipedia beskikbaar te stel sodat soekresultate in Afrikaans op Wikipedia beskikbaar kan wees.

- Radiovervolgverhaal: ’n Radiovervolgverhaal van 13 weke word deur Bettie Kemp vervaardig en gratis aan sowat 25 gemeenskapsradiostasies landswyd verskaf. Die geldwaarde wat die vervolgverhaal aan die stasies toevoeg, is sowat R300 000 – dit is egter ’n produk wat groot waarde tot die stasies se kwaliteit toevoeg.
- Gemeenskapsradioseminaar: ’n Jaarlikse seminaar vir Afrikaanse gemeenskapsradiostasies word weer aangebied. By hierdie geleentheid ontvang die radiostasies opleiding by kundiges, sonder enige koste. Dis ook vir die stasies ’n waardevolle netwerkgeleentheid. Deur hierdie seminaar aan te pak, voeg Maroela groot waarde toe vir stasies se moraal en die kwaliteit van uitsendings en programvervaardiging, wat ’n positiewe effek op Afrikaans in meer plaaslike gemeenskappe het.
- Gemeenskapsradiotoekennings: ’n Toekenningsgeleentheid word in 2016 gehou waartydens gemeenskapsradiostasies wat uitnemende werk in Afrikaans lewer, beloon sal word vir hul werk. Hierdie toekennings het enersyds die effek dat dit die stasies se moraal goed doen en die kwaliteit van werk ’n hupstoot gee, en andersyds kan die wen van kontantpryse vir stasies ’n finansiële hupstoot gee.

3.4. Op die regbank

- Steun aan die *Vereniging van Regslui vir Afrikaans*, dog in ’n beperkte mate. Daar word voorgestel dat lidmaatskap oor en weer tussen VRA en die SB-instellings bemark word.
- **Hurter Spies Ingelyf** fokus daarop om eie regsdokumente in Afrikaans in te dien. Dit is skynbaar nie die geval deur die hele Beweging nie en moet ’n standaard praktyk word.

3.5. In die maatskaplike sektor

Helpende Hand is tans besig met die volgende:

- Die bemagtiging van Afrikaanssprekendes op maatskaplike terrein en hulpverlening aan hulle soos benodig;
- Die ondersteuning en opleiding van Afrikaanse maatskaplike werkers deur middel van beurse, wat sodoende die publiek bemagtig.

3.6. In die gesondheidsektor

Tans word nog nie aandag hieraan gegee nie, buiten die opvolg van sporadiese klagtes oor ’n gebrek aan Afrikaanse diens deur **AfriForum**. Hierdie diens kan dalk gelewer word – hetsy deur **Helpende Hand** (pasiënte se regte), **Solidariteit** (mediese personeel se regte) of **AfriForum** (burgerregte oor die algemeen).

3.7 In die kunste

- Afrikaanse kunste word tans ondersteun deur die borg van Afrikaanse kunste (dramas, musiekuitvoerings, ens.), die gebruik van Afrikaanse kunstenaars vir interne funksies en kompetisies, soos byvoorbeeld die Grootste Liedjie-kompetisie van **Maroela Media**, die kompetisie vir lirieke en **AfriForum** se betrokkenheid by spel-, debats- en digkompetisies.
- Die **FAK** en **Maroela Media** gee erkenning aan die Afrikaanse kunstenaars wat hulle steun, die publiek bewus maak van hulle skeppinge, en ander kunstenaars inspireer.
- Alle Afrikaanse kunste word voortdurend aan die SB-instellings se ledenismark bekendgestel – dit kan ook deurlopend uitgebrei word.
- Die **FAK** doen onder meer die volgende:
  - Die *FAK Sangbundel Volume II* beleef tans ’n herdruk.
  - ’n Nuwe liederebundel deur eietydse kunstenaars met musiek uit die 21ste eeu is in die pyplyn.
  - Die Afrikaanse Skole-ekspo is ’n opwindende elektroniese skolekompetisie wat jaarliks vir leerders en onderwysers in Suid-Afrika en Namibië verskeie uitdagings bied. Die fokus val veral op leerders se kreatiewe hantering van Afrikaans. Die tema wissel van jaar tot jaar, en daar is ’n aantal afdelings met onderlinge kategorieë waarin skoliere kan deelneem.
  - By die FAK se talle funksies van uiteenlopende aard word die publiek telkens die geleentheid gebied om na ’n verskeidenheid Afrikaanse sangers, kunstenaars, en persoonlikhede te kyk.
  - Daar is onlangs ’n Taalberaad onder die FAK se leiding gehou waar vooraanstaande denkers en meningsvormers vanuit die gemeenskap referate gelewer het oor die toekoms van Afrikaans op die terreine van ekonomie, onderwys, die kunste, en die algemene politieke sfeer. Na aanleiding van berade soos hierdie word debat opnuut gestimuleer en toekomsplanne herbelyn.

- Die historiese Afrikaanse lied word beskerm deurdat daar binnekort in samewerking met die gewilde groep Beeskraal ’n CD getiteld *Volk-en-vaderland* verskyn.
- Daarby is die FAK in samewerking met verskeie kunstenaars besig om Anglo-Boereoorlog-gedigte en -liedere te verwerk in ’n kunstefeesproduksie en later ’n CD. Die produksie sal by al die grootse Afrikaanse kunstefeeste te sien wees.
- Daar is tans ’n proses aan die gang waar die FAK se ou *Handhaaf en Bou*-reeks afgestof word. Dit behels Engels-Afrikaanse woordelyste sowel as vakterminologie. Te verstane sal nuwe terreine ook nou aandag kan geniet.

3.8 In sport

- Afrikaanse terminologie is dekades gelede vir verskeie sportsoorte deur die FAK opgestel. Hierdie woordelyste is tans in ’n proses om opgediep en afgestof te word. Nuwes sal ook ontwikkel word.
- AfriForum beskerm die regte van Afrikaanse sportlui met regsaksies teen kwotas, maar ook ad hoc-aksies soos ’n veldtog vir die behoud van Afrikaanse rugbyskeidsregterterme. Die regsaksie sal van vanjaar af meer prominent word.

3.9 Onder die ledebasis

- Lede van **alle SB-instellings** moet deurlopend opgevoed word om te weet wat hul taalregte behels, dit op te eis, maar dit te doen op ’n waardige wyse wat nie verdere vooroordele jeens Afrikaanssprekendes skep nie. Hierdie kwessie is ’n groot behoefte waaraan alle SB-instellings aandag moet gee. Dit geskied tans net *ad hoc*.
- Lede van **alle SB-instellings** moet bewus gemaak word van die feit dat Afrikaanse produkte en dienste nie minderwaardig is nie. Alle SB-instellings doen dit reeds tot beperkte mate met die bekendstel van produkte aan lede, maar dit kan uitgebrei word.
- ’n Leeskultuur moet onder lede (oud en jonk) deur veral die **FAK, Kraal Uitgewers en Maroela Media** gevestig word. Publikasies gerig op alle ouderdomsgroepe wat leeslus aanwakker, moet teen bekostigbare pryse gepubliseer word. Die klem moet op leesbaarheid, maar ook op gehalte berus.

3.10 Internasionaal

- **AfriForum** se *Wêreldwyd* fokus op die behoud van bande met Afrikaners in die buiteland en bou ’n databasis van hulle op.

- Die uitwisseling van kundigheid oor taalbehoud met internasionale deskundiges vind reeds via **AfriForum** plaas; ’n bank van deskundiges wat bereid is om saam te werk oor taalregte word opgebou.

3.11 In die ideëwêreld

- Bevordering van navorsing oor onderwerpe wat Afrikaners en Afrikaans raak, vind deur die **FAK** se **N.P. van Wyk Louw-sentrum** plaas. Die Sentrum bied ook ander lede van die Beweging die geleentheid om temas te identifiseer en deel te neem.
- Die mondstuk van die **N.P. van Wyk Louw-sentrum**, *Standpunte*, is ’n elektroniese platform wat deurgaans aktuele en lewensbeskoulike standpunte publiseer wat Afrikaners raak.
- Die **N.P. van Wyk Louw-sentrum** het ’n gespreksgroep, bestaande uit jong leiers in die breë Solidariteit Beweging, byeen gebring. Die individue vergader maandeliks as studiegroep om lewensbeskoulike kwessies onder die leiding van prof. Danie Goosen te bespreek.
- Bekendstelling van die inligting deur seminare, konferensies, publikasies, opinie-artikels en mediaberigte vind reeds wyd plaas by alle lede van die Beweging. Veral die **FAK**, **Kraal Uitgewers** en **Maroela Media** is gerat vir breë bekendstelling aan die publiek.
- **AfriForum** bevorder Afrikaner-leierskap onder meer met betrokkenheid by Afrikaanse debats- en redenaarskompetisies. Dit vind tans nog net op streeksvlak plaas.

3.12 Onder die publiek

Lede van die Beweging skakel met ander Afrikaanse en Afrikaner- taal- en kultuurorganisasies, dien soms selfs in die besture en bied funksies saam met hulle aan. Dit is nodig vir die Beweging se posisionering en ook om die Afrikaner en Afrikaanse kultuurwêreld te versterk.

4. Doelwitte vir 2020

4.1 In die openbare sektor

- ’n Gevestigde kanaal vir gesprekke en probleembeslegting met owerhede;

- ’n Gevestigde samewerkingsooreenkomste met Afrikaanse taal- en kultuurorganisasies, asook met ander taalgemeenskappe binne en buite Suid-Afrika;
- Toegang tot Afrikaanse dienslewering by staats- en semi-staatsinstellings;
- Regsbeskerming en klagtekanale vir probleemoplossing waar Afrikaanse dienslewering by staats- en semi-staatsinstellings ontbreek.

4.2 In die sakesektor

- ’n Gevestigde, aktiewe, kundige en suksesvolle Afrikaner-entrepreneursgemeenskap wat ook deurlopend werksgeleenthede skep en gevestigde kanale tot stand bring waardeur hul kundigheid uitgedra kan word;
- Suksesvolle verteenwoordiging vir alle lede van ons gemeenskap in die werkplek;
- Deelname deur alle maatskappye wat Afrikaanse diens lewer aan AfriForum se Afrikaans-Vriendelik projek. Die projek moet nuwe besighede deurlopend aanmoedig om in Afrikaans werksaam te wees op alle vlakke, van opleiding en advertering tot dienslewering;
- Deelname deur alle sake-ondernemings aan AfriSake sodat dit as toonaangewende drukgroep ter bevordering van Afrikaanse en Afrikaner-sakelui se belange funksioneer;
- ’n Bekende en inspirerende korps rolmodelle onder Afrikaanse sakelui;
- ’n Ondersteunende tuiste in die Beweging vir Afrikaanse professionele organisasies;
- ’n Deurlopende internskappe vir Afrikaners binne en buite die Beweging;
- Meer besighede soos Virseker.

4.3 In die media

- ’n Voortsetting en aanhoudende verfyning van die bekendmaking van eie nuus onder die ledebasis in Afrikaans deur die gebruik van alle mediakanale;
- **Maroela Media** gevestig as ’n eie, selfstandige, Afrikaanse internet nuuskanaal, wat teen November 2020 maandeliks 2 miljoen Afrikaanssprekendes wêreldwyd met goeie gehalte Afrikaanse nuus en inligting in verskeie mediaformate bereik;
- **Pretoria FM** en ander gemeenskapsradiodienste as selfstandige, Afrikaanse kommunikasiekanale;
- ’n Voortsetting en aanhoudende verfyning van die uitbou van Afrikaans in die tydskrifwese deur die tydskrifte van **Solidaritei**t en **AfriForum**;
- Die publikasies van **Kraal Uitgewers** en die **FAK** moet selfbefondsend wees en steeds beter gehalte weerspieël;
- ’n Interne, selfstandige Afrikaanse filmmediahuis, **Forum Films**.

4.4 Op die regbank

- Samewerking op ’n gevestigde basis met die **Vereniging van Regslui vir Afrikaans**.
- Die voer van alle regsake van die Solidariteit Beweging in Afrikaans.

4.5 In die maatskaplike sektor

- Omvattende verteenwoordiging vir Afrikaners op dié terrein deur **Helpende Hand**;
- Die beskikbaarstelling van voldoende opgeleide maatskaplike werkers om in alle behoeftes van ons gemeenskap te voldoen.

4.6 In die gesondheidsektor

Die beskikbaarstelling van dienste soos hierbo genoem.

4.7 In die kunste

’n Voortsetting van die Solidariteit Beweging se steun aan Afrikaanse kunste, erkenning aan Afrikaanse kunstenaars en bemarking deur die Beweging se kanale van Afrikaanse kunsprodukte.

4.8 In sport

- Opgedateerde Afrikaanse terminologie vir alle sportsoorte;
- Voldoende beskerming van die regte van Afrikaanse sportlui.

4.9 Onder die ledebasis

- ’n Ingeligte ledebasis wat weet wat hul taalregte behels en dit deurlopend met waardigheid opeis;
- ’n Ledebasis wat spesifiek Afrikaanse en Afrikaner-produkte en –dienste ondersteun en deurlopend ’n aanvraag daarvoor skep;
- ’n Ontwikkelde lesersgemeenskap met ’n groeiende aanbod van boeke van uitnemende gehalte vir hulle.

4.10 Internasionaal

- Gevestigde bande met alle belangstellende Afrikaners in die buiteland deur **AfriForum** se *Wêreldwyd*;
- Die beskikbaarheid van ’n bank van internasionale deskundiges op die terrein van taalregte.

4.11. In die ideëwêreld

- Deurlopende navorsing en bekendmaking van inligting oor onderwerpe wat Afrikaans bevorder;
- Deurlopende navorsing en bekendmaking van inligting oor onderwerpe wat vir Afrikaners van belang is;
- Bekendmaking van die inligting wat geskied deur gereelde seminare, konferensies, publikasies, opinie-artikels en mediaberigte;
- AfriForum se aksies om Afrikaner-leierskap te bevorder moet nasionaal gevestig wees.

4.12. Onder die publiek

Gestruktureerde samewerking deur **alle instellings** van die Solidariteit Beweging met ander Afrikaanse en Afrikaner- taal- en kultuurorganisasies.

5. Samevatting

Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal is iets wat sedert volksplanting stelselmatig gebeur het, maar wat vanaf 1875 bewustelik deur dade gedryf is. Reeds voor die Tweede Vryheidsoorlog was Afrikaans goed as skryftaal gevestig, en was dit ook besig om toenemend in die pers te ontluik. In die kwarteeu ná die Vrede van Vereniging het die stryd om erkenning vir Afrikaans as amptelike taal weer in alle erns begin. Terwyl daar pogings op juridiese en administratiewe vlak aangewend is, het die taal op voetsoolvlak van krag tot krag gegaan. Sonder bemagtiging van bo het die volk van onder af self daarvoor gesorg dat Afrikaans volwaardig ontwikkel het tot letterkundige taal, tot pers-taal, tot handelstaal, tot wetenskap- en onderrigtaal, en tot regstaal. Al hierdie prestasies was dié van die gemeenskap – nie dié van die staat nie. Indien ons Afrikaners vandag dink dat ons nie in staat is om op hierdie terreine te presteer nie, misgis ons onsself. Die geskiedenis leer ons dat ons nog altyd ons beste werk gelewer het wanneer ons juis die minste hoop daarvoor moes hê.

Die besproke aktiwiteite waarmee die Afrikanergemeenskap in die huidige tydsfeer besig is, skep vooruitsigte vir die toekoms. Op velerlei terreine word belangrike werk verrig. Dit is ook belangrik dat ons nogtans moet besef dat wat ons tans doen, nie genoeg is nie. Ons moet nóg doen. Ons moet soos talle kere vantevore weer uit die as opstaan. Ons het die potensiaal, en ons het dit nog altyd gehad. Ons sal dit weer doen.